Parkieland
H/V Anderson - en
Thomas Edisonstraat
Menlopark 0081
Tel: 012 460 1976
Faks: 012 460 1976
parkieland@menlolaer.co.za
www.parkieland.co.za

21 September 2022
Nuusbrief No 32

Liewe Ouers,
Ons hondevertoning was weereens 'n hoogtepunt. Die kinders het dit so vreeslik baie geniet.

Personeel:

- Baie geluk aan tannie Jackie, ons Gr00-skoonmaker, wat Maandag 26 September verjaar.
- Mag jy 'n baie geseënde nuwe lewensjaar hê, Jackie!

Braaidag: Vrydag 23 September 2022:

- Sien asseblief die ingeslote inligtingstuk in verband met Braaidag!
- Kinders trek Parkielandhempies aan en moet iewers 'n Landsvlag vertoon... 'n Plakker, Tattoo, hoedjie, gesigverf... Jy besluit!

Gedagte vir die week:
Jy knip jou oë en hulle is 8. Dan 18... dan 28.
En dan self ouers, wat weerspieël wat jy eens was.

So, neem dit in, liewe ouer. Laat hulle by jou in die bed klim vir 'n storie. Sing die liedjie wat hulle vir die honderdste keer vra. Hou hulle 'n bietjie stywer vas wanneer hulle vra vir 'n drukkie en VOEL die lyfie teen jou eie.

Miskien verloor 'n mens so bietjie van jouself wanneer jy kinders groot maak... Maar jy vind ook jou SIEL!
Omarm die uitputting, die harde dae, die oorweldigende dae, en AL DIE VREUGDES!
Kinders is klein net vir 'n rukkie!

Vriendelike Parkie-groete,

RIEKIE VAN EEDEN & PERSONEEL

Ons kinders leer hoe om situasies te hanteer deur te kyk hoe ons optree wanneer en hoe:

Ons na onsself omsien

Ons foute maak

Ons konflik hanteer

Ons moet jammer sê

Ons na diere omsien

Ons probleme oplos

Ons opstaan vir onsself en ander

Ons vir hulp vra

Hoe ons mense wat anders as ons is benader

Ons optree as ons gefrustreerd is

Ons na die natuur kyk

Hoe ons luister